NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos
Jaargang 18 – Uitgawe 45
4 Desember 2025

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan taal@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

# Terugskouend...

**Die vlaag strafkaarte wat onlangs so kwistig tydens die Springbokke se toetse uitgedeel is, was nogal onthutsend want dit het nie veel meer vermag as om die toeskouers van 'n regverdige skouspel te ontneem nie. Maar dis die kykweer wat dit veroorsaak! In gewone spel teen gewone spoed is daar oënskynlik min fout. Maar stadige-aksie-terugkyk laat gewone aksiemomente skielik soos brutale aggressie lyk, en 'n terloopse kyk word 'n vyandige gluur.**

Ons doen presies dít. Ons herkou die teleurstellings, krap ou wonde weer oop en herleef haas vergete skandes. Ons vertraag en vergroot – en dan word 'n klein irritasie 'n groot konflik. So sleep ons dikwels 'n hele jaar se stadige-aksie-beelde oor na die volgende jaar.

Terwyl ek hier aan die einde van die jaar terugkyk op 2025, dink ek meteens weer aan die klassieke Jim Steinman-lirieke wat in 1994 deur Meat Loaf beroemd gemaak is met *Objects in the rear view mirror may appear closer than they are.*

Steinman se lewe was een van genialiteit, pyn, humor en rou menswees. Hy het grootgeword met 'n gewelddadige pa en het as volwassene gesukkel met depressie en verlies. Hoewel hy dit nooit in soveel woorde erken het nie, was sy goue komposisie waarskynlik outobiografies. Sy verlede het hom bly terugroep na 'n donker plek.

Maar, maak geen fout nie: Ons raak soms nét so – vasgevang in 'n truspieël vol spoke wat onheilspellend nader én gevaarliker lyk as wat hulle werklik is.

Hierdie jaar het weer eens lieflike oomblikke en baie hoogtepunte op vele vlakke opgelewer – vir ons Kerk, ons gemeentes, ons gesinne en onsself. Daar was egter noodwendig ook onverwagse draaie en teleurstellings wat ongevraagd kom aanmeld het. En dit knaag soms só dat die beelde in die truspieëltjie selfs groter lyk as dié in die voorruit. Daardie verkeerde besluit. Daardie gesprek wat skeefgeloop het. Daardie fout wat jy (en ander) net té goed onthou. Daardie onregverdige opmerking wat jou steeds laat ineenkrimp. Daardie gebroke verhouding wat jy as veel mooier onthou as wat dit ooit werklik was. Tog besef ons dat wat ons in die truspieëltjie sien nie heeltemal akkuraat is nie – terugkyk skep soms vreemde illusies.

Interessant genoeg, in die Bybel kom die woorde *vandag* en *môre* honderde kere voor. *Gister*? Net ses keer. Maak dit nege of tien as jy variasies soos gisteraand, gisteroggend en eergister bytel. En wanneer die Bybel wel oor gister praat, is dit byna altyd met dieselfde strekking: Gister is verby en het min invloed op nou. Psalm 30: 6 (AFR83) sê dit mooi en eerlik: *Gisteraand was daar nog trane en vanmôre lag ek al weer.*

By die bruilof in Kana was die kelners bekommerd dat die onthaal besig was om te ontspoor. Maria se woorde aan hulle: *Wat Hy ook al vir julle sê, moet julle doen,* word toe die keerpunt wat alles verander. En presies dáár lê die antwoord op al die wêreld se probleme: Wat Hy ook al vir ons sê, moet ons doen.

Jesus sê: *Iemand wat die hand aan die ploeg slaan en aanhou omkyk na wat agter is, is nie geskik vir die koninkryk van God nie* (Lukas 9: 62, AFR83).

Ons beste lê nie agter ons nie, maar voor ons. Saam met Paulus maak ons ons los van wat agter is en strek ons uit na wat voor is. Nee, ons vergeet nie – maar ons maak onsself los. Vryheid lê nie in vergeet nie; dit lê in losmaak.

Vandag is die eerste dag van die res van ons lewens. God begin elke dag met ons van voor af. Sonder 'n *maar*. Sonder voetnotas. Sonder fynskrif. *Nuwe wyn in nuwe sakke.*

Hierdie is 2025 se laaste uitgawe van *Blitspos.* Die redaksie se Kerswens vir elke leser is oorvloedige vreugde, vrede en verwondering – wat dan die hele 2026 bly talm.

**Dr Johan van Staden**
**Uittredende redakteur: *Die Hervormer* en *Blitspos***

***** Hierdie is die laaste uitgawe van Blitspos vir 2025. Die eerste uitgawe van 2026 verskyn op Donderdag 15 Januarie.**

## Kersboodskap van die bedryfshoof



Mnr Johan Hattingh

Die jaar wat agter ons lê, was bedrywig maar ook betekenisvol. Ons het die voorreg gehad om die 74ste Algemene Kerkvergadering (AKV) suksesvol aan te bied – ’n mylpaal wat ons dankbaar maak vir die Here se leiding en vir elkeen se betrokkenheid.

Ons wil ook alle nuwe lede wat tot die Kommissie van die AKV en die onderskeie Rade verkies is, van harte gelukwens. Mag jul dienswerk tot eer van God wees en tot opbou van sy kerk.

Desember bring ’n tyd van lig en verwagting. In ’n wêreld vol haas, herinner Kersfees ons aan die eenvoudige krip waar God se liefde mens geword het. Hierdie liefde is die bron van ons hoop, ons vrede en ons vreugde.

Nou breek ’n tyd aan om asem te haal, saam met familie en vriende te kuier en die ware betekenis van Kersfees te beleef: Christus self – ons **Vrede**, ons **Hoop**, ons **Lig**.

Mag die lig van Christus hierdie Kersfees jou huis vul, jou hart laat rus en jou pad verhelder. Laat ons saam die boodskap van liefde en versoening uitdra – nie net in woorde nie, maar ook in dade wat die wêreld verander.

Ons wens is dat hierdie feestyd vir jou ’n tyd van rus en vreugde sal wees, en dat die nuwe jaar gevul sal wees met seën en genade.

*Vandag is daar vir julle die in die stad van Dawid die Verlosser gebore, Christus die Here* (Luk 2: 11).

**Johan Hattingh**
**Bedryfshoof: Sinodale Dienssentrum**

## Lief en leed

- **Dr Hennie Botes** (emeritus/Buffelspoort) se seun **Wilhelm** (43) is Vrydag 28 November aan 'n hartaanval oorlede. Die Kerk betuig haar simpatie met die familie.

- **Die volgende predikante verjaar tot 16 Januarie, en word hartlik geluk gewens:**

| | |
|---|---|
| Woensdag 3 Desember: | Dr SM (Sanrie) de Beer (Philadelphia/dosent) |
| Saterdag 6 Desember: | Ds L (Leon) Janse van Rensburg (Namibkus) |
| Maandag 8 Desember: | Di M (Markus) Pretorius (Weltevreden), en S (Susan) van Schalkwyk (emeritus) |
| Donderdag 11 Desember: | Dr GCJ (Gerhard) Nel (Horison Roodepoort), en ds CJ (Johan) Bezuidenhout (emeritus) |
| Saterdag 13 Desember: | Di JP (Johan) du Preez (nie-diensdoende predikant), en A (Annézel) Meiring (beroepafwagtend) |
| Sondag 14 Desember: | Ds G (Gustav) van Zyl (Phalaborwa) |
| Dinsdag 16 Desember: | Di JC (Johann) Marnewick (Kruispad), M (Martin) Meyer (emeritus), en C (Charlene) van der Merwe (beroepafwagtend) |
| Vrydag 19 Desember: | Ds MA (Marius) Venter (siekte-emeritaat) |
| Saterdag 20 Desember: | Ds PC (Peet) Swanepoel (emeritus/Nkana) |
| Dinsdag 23 Desember: | Ds FP (Phillip) Horn (emeritus/Bethlehem) |
| Sondag 28 Desember: | Ds CM (Corlien) van der Merwe (Hartebeestpoort) |
| Maandag 29 Desember: | Dr PJ (Piet) van Staden (emeritus), en |
| | ds PR (Philip) Prinsloo (emeritus) |
| Vrydag 2 Januarie: | Ds WA (Willem) Dreyer (Groot-Marico) |
| Saterdag 3 Januarie: | Ds M (Mari-Louise) Calder (Gaborone) |

- Sondag 4 Januarie: Dr JP (Kobus) Labuschagne (emeritus)
- Maandag 5 Januarie: Dr C (Christo) Pretorius (Pretoria/dosent)
- Dinsdag 6 Januarie: Ds HF (Hennie) Louw (Drie Riviere)
- Vrydag 9 Januarie: Ds I (Ivan) Katzke (Bloemfontein)
- Saterdag 10 Januarie: Ds JH (Jan) Kay (emeritus)
- Maandag 12 Januarie: Di A (Annerie) Conradie (Culembeeck), en DS (Dawie) Jacobs (siekte-emeritaat)
- Dinsdag 13 Januarie: Dr FJ (Frikkie) Labuschagne (Olifantsfontein/sinodaal/ dosent)
- Woensdag 14 Januarie: Di J (Japie) Coetzee (emeritus), en CJA (Tony) Simpson (emeritus)
- Donderdag 15 Januarie: Di W (Werner) Olivier (siekte-emeritaat), en GJC (Chris) Schoeman (emeritus)

## Gemeentes en bediening

- Die **Sinodale Dienssentrum** sal vanaf **12 Desember tot 2 Januarie** vir die feestyd gesluit wees.

- **Vakansiegangers** kan gerus kennis neem van die volgende **eredienstye**:
  - **Ballito** – 08:30 by Die Lyric Lounge Teater, Centre of Design, Moffatrylaan, Ballito.
  - **Outeniqua** – 09:00 elke Sondag asook Geloftedag en Kersdag by 3de Straat, George-Oos.
  - **Buffelsbaai** – 09:00 elke Sondag asook Kersdag by Goukamma kerkie agter die padstal by die afdraai vanaf die N2.
  - **Port Edward** – 08:00 by Port Edward Primary School, Fifeweg, Blackrock. Kersdag lei dr Dawie Oosthuizen die erediens.
  - **Port Shepstone** – 09:30 by Scottstraat 3, Beachfront, Port Shepstone. Geloftedag vind 'n gesamentlike erediens met NG Gemeente Port Shepstone by Kerkstraat, Port Shepstone om 09:00 plaas. Kersdag is die diens om 08:00 en word deur ds Jacques Pieterse gelei.

## Vergaderings

- 14 tot 16 Januarie: Bosberaad van die Kommissie van die AKV

## Kerklike en ander publikasies







- Die **Kerkkalender vir 2026** wat die afdeling Kerklike Kommunikasie vir gebruik in ons gemeentes voorberei het, is op die Kerk se webblad beskikbaar. Kry die kalender ***hier*** en die kalendervoorblad ***hier***. Die kalender bevat inligting oor die kerklike feesdae, openbare vakansiedae, skooltermyne en spesiale geleenthede wat vir die hele Hervormde Kerk van belang is. Gemeentes kan hul eie gemeenteprogram daarop invul en die kalender in gedrukte formaat of elektronies onder hul lidmate versprei.









## Kom kyk saam

- Kom kyk saam na ons weeklikse Blitsflits. Klik ***hier*** vir verlede week se weergawe.

## 'n Gedig

Welkom, o stille nag van vrede onder die Suiderkruis,
wyl stemme uit die ou verlede oor sterrevelde ruis.
Kersfees kom, Kersfees kom – gee aan God die eer.
Skenk ons 'n helder Somerkersfees in hierdie land, o Heer.

Hoor jy hoe sag die klokke beier in eeue-oue taal.
Kyk, selfs die nagtelike swye vertel die ou verhaal.
Kersfees kom, Kersfees kom, gee aan God die eer.
Skenk ons 'n helder Somerkersfees in hierdie land, o Heer.

Voel jy ook nou sy warm liefde as ons die dag gedenk,
toe Hy sy Seun aan ons gegee het – ons grootste Kersgeskenk.
Christus kom, Christus kom – gee aan God die eer.
Skenk ons 'n helder Somerkersfees in hierdie land, o Heer.

**Gesang 358**
Uit: *Liedboek van die Kerk*


## Fondsinsamelings




- Ons **Munga-span** wat ten bate van ***Rata Ride for a Child*** gery het, het hul rit suksesvol voltooi. Baie geluk aan hierdie formidabele span wat die monster-Munga getem het! Lees gerus volgende week meer daaroor op ons webwerf. Hou ook sosiale media dop vir dr Wouter van Wyk se onderhoud met Esmarie Yssel van PretoriaFM. **Donasies kan steeds gemaak word** deur die Zapper-kode hiernaas te volg of deur ***hier*** te klik. Enige donasie ongeag hoe klein of hoe groot is welkom.




## Toerusting



## Studentesake

- **NHSV Studieleningsfonds 2026**. Die NHSV beskik oor studielenings vir studente in enige studierigting. Slegs lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk kwalifiseer vir die toekennings. Die aansoekvorm vir 2026 kan ***hier*** afgelaai word. **Die sluitingsdatum vir aansoeke is 15 Januarie 2026.**




- **Kom jy in 2026 in Pretoria swot?** Ons het net die ding vir jou! Die inskrywings vir Eerstejaarskamp 2026 is oop! **Gemeente Philadelphia** en Gereformeerde Kerk Gemeente Brooklyn kamp saam van **18 tot 22 Januarie 2026**. So sit dit in jou kalender en laat weet almal wat jy ken, want jy wil nie die kamp waarvan almal praat mis nie. Skryf sommer ***hier*** in op die skakel hieronder of gaan kyk gerus ***hier*** op ons webblad en ***hier*** op ons linktree as jy nog meer inligting oor die kamp wil hê. **WhatsApp vir At** by 064 272 169 as jy meer vrae het.




## Barmhartigheid

- **Machteld Postmus** te **Brooklyn** het tans eenhede beskikbaar in 'n rustige omgewing naby 'n winkelsentrum en kliniek.
  - Kamerfasiliteit beskikbaar by Riekie Boshoff teen R3 991 per maand.
  - Johannes Postmus: Eenmanwoonstel teen R4 641 en eenslaapkamerwoonstel teen R6 363 per maand.
  - Tweeslaapkamereenheid te koop teen R1 232 000 by Machteld Postmus.

  Indien u belangstel om meer uit te vind of te besigtig, skakel **suster Sonja Stander** by **012 346 2418**.

- **Seniordal Aftree-Oord** is die eiendom van die NHKA se Gemeente Pretoria en spesialiseer in lewenregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar.

Die oord is geleë in die veilige omgewing van Rietondale in Pretoria. Seniordal beskik oor 24-uur veiligheidsdienste en toegangsbeheer en bestaan uit die volgende woonstelle:

**Te koop:**

- 1 Slaapkamer : R515 000.00
- 1 ½ Slaapkamer : R520 000.00
- 2 Slaapkamer : R560 000.00

**Te huur:**

- 1 ½ Slaapkamer : R6 800 per maand
- 2 Slaapkamer : R7 960 per maand

Kontak Salomie Stolz by 012 329 4318 weeksdae (08:00-12:00) of 083 308 0520 (na-ure) vir meer inligting.

**Oornagfasiliteite:**
Seniordal beskik oor oornagfasiliteite vir persone wat vergaderings of kongresse moet bywoon, wat dokters moet besoek of verblyf benodig vir familie van persone wat in die hospitaal is. Daar is veilige parkering en 24-uur-sekuriteit.

Vir navrae oor tariewe en besprekings kan u vir Salomie Stolz gedurende kantoorure 08:00-12:00 by 012 329 4318 (Maandae-Vrydae) of na-ure by 083 308 0520 kontak.

- **Herfsakker Selfsorg-aftreeoord in Groblersdal:** Behuising beskikbaar vir persone ouer as 60. Geen versorging beskikbaar nie, persone moet selfversorgend wees. Geen etes word voorsien nie. Eie tuin. Tariewe is per vierkante meter en verskil van huis tot huis. 'n Deposito van twee maande huur is betaalbaar. Vir meer besonderhede, skakel Frik Rossouw by 082 830 6591.

- **Belfast Rusoord** bied onder meer 24-uur-mediese versorging, CCTV, 24-uur-toegangsbeheer, drie gebalanseerde maaltye per dag, en aktiwiteite vir elkeen. Daar is fasiliteite vir semiversorging, verswakte bejaardes, en woonstelle vir selfversorging. Kontak Riana de Villiers by 013 253 31211 / 063 663 7449 / **manager@belfastrusoord.co.za** vir meer inligting en tariewe.

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein** bied verblyf vir en versorging van bejaardes en persone met gestremdhede. Daar is enkel- en deelkamergeriewe in 'n huislike atmosfeer, verblyf met drie etes ingesluit, verblyf sonder versorging, en 24-uur-versorging. Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089 / **navrae@athalia.co.za** / **www.athalia.co.za**.

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

**Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrief geplaas word.** *(Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)* Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pix-els, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan **mej Sanet du Plessis**, per e-pos na **taal@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mej Du Plessis bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

**Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

## Gebed vir die week

Here,
soos ons na die geboorte van Jesus kyk,
mag dat die lig van u liefde vir ons,
ons help om lig te wees in die lewe van die mense om ons.
Berei ons harte voor vir die vreugde van u koms,
want Jesus is ons hoop.
Amen.

https://www.bybelkennis.co.za/advent-die-eerste-kers/

## Groeteboodskap van die Sinodale Dienssentrum




Redakteur: Dr Johan van Staden
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Annelie Botha
Koördineerder: Mej Sanet du Plessis
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk
Joernalis: Ds Iwana Kruger